Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

**NUUSBRIEF: 25 (7 - 14 Augustus 2026)**

# ***SPORT***

**LANDLOOP**

Neem asb. kennis van die volgende brief vanaf Suid-Vrystaat Tweekamp:

**Southern Free State Biathlon**
**sfsbiatlon@gmail.com**
**Kontak no: 0791172690**

**Suid Vrystaat Tweekamp**
**Kleinbosch**
**Langenhovenpark**
**9301**

3 Augustus 2026

Liewe Tweekampers

Graag nooi ons julle uit na die Eerste Liga van die seisoen en hoop om alle huidige atlete en nuwes by die byeenkoms te sien. Onthou dat SA's volgende jaar weer in Oudtshoorn gaan plaasvind, vir die 50ste SA kampioenskap.

Hieronder is die reëlings vir Liga 1, wat gehou word by Pelliespark (KOVSIE sportterrein en swembad) op 1 September 2026:

1. Inskrywings vir Liga 1 sluit 28 Augustus 2026 om 17:00. **Geen laat inskrywings sal toegelaat word nie.**
2. Inskrywings word slegs deur Google form link gedoen. Die Google form is beskikbaar op die link wat aan julle gestuur sal word.
3. Atlete moet kompeteer in hulle onderskeie ouderdomsgroepe en afstande soos aangedui op die "tye en afstande brief" (reeds op die inligtingsgroep geplaas) en in hul skool atletiekklere.
4. Bewyse van betaling moet aan die inskrywingsvorm geheg word voor die inskrywing aanvaar sal word.
5. Atlete moet aan 2 Ligas, die Suid Vrystaat Proewe, 1 Interprovinsiale byeenkoms en Suid Vrystaat Kampioenskappe deelneem om vir span na SA's in aanmerking geneem te kan word.
6. Slegs tye wat deur die offisiekle tydhouers geneem is, sal in ag geneem word. **Geen tye wat deur ouers/voogde of nie-amptelike persone geneem is sal aanvaar word nie.**

**Tweekamp groete**

**René Odendaal**
**Sekretaresse**

**Inskrywingsfooi: R90**
**Vrystaat Tweekamp**
**ABSA**
**Rek no: 1030461777**

https://forms.gle/gwd2i7U3o1Vazume9

**RAISING STAR TENNISTOERNOOI**
Baie geluk aan die Jakkies A-dogterspan wat Donderdag, 6 Augustus in Bloemfontein gespeel het en deurdring na die Provinsiale finaal op Maandag, 10 Augustus in Bloemfontein. Baie geluk aan al die spelers wat hul wedstryde gewen het en waardevolle ervaring opgedoen het.

**KRIEKET vs STAATS**
o/11A krieketspan speel Woensdag, 12 Augustus wedstryd teen Staats hier by ons.
Die wedstryd begin om 14:30.

**TENNIS vs HOPETOWN**
Alle spelers se ouers sal op die groepe kennisgewing ontvang van wie speel en wat die busgelde sal wees.

**BUITEMUURS**
Die tye op die Buitemuurse rooster moet streng nagekom word. Meld eers 10 minute voor die aanvang van jou aktiwiteit aan. Geen leerder ook by die kriekethokke nie, tensy jy daar is vir jou oefening. Geen leerder pouses in die kriekethokke nie!

## LEERDERS

**NOORD-KAAP KUNSTEFEES (SENIORKOOR)**
Baie geluk aan ons seniorkoor wat Woensdag, 5 Augustus aan die Noord-Kaap kunstefees deelgeneem het en goud verkry het. Hulle het baie mooi gesing en ons is trots op hulle.
Ons bedank ook graag vir Chrismae de Witt en juf. Saricé vir hulle harde werk.

**MENTAL MATHS UITSLAE**
Baie geluk aan al die leerders wat Donderdag, 6 Augustus in Edenburg gaan deelneem het aan die distrikkompetisie. Die volgende leerders dring deur na die Vrystaat Provinsiale byeenkoms:
**Graad 3:**
Frederik Botha – 3de plek
**Graad 4:**
Genova Pascoal – 4de plek
**Graad 5:**
Edwin Strydom – 2de plek
Zarah Faber – 3de plek
**Graad 6:**
Luan Bester – 5de plek

**WOW SPELFEES**
Baie sterkte aan die deelnemers wat Donderdag, 13 Augustus aan die distriksbyeenkoms in Trompsburg gaan deelneem. Leerders verdaag om 09:45 en die bus vertrek om 10:00.
Deelnemers moet asb. om 12:45 in die saal aanmeld.

**JAKKIES BEKENDSTELLINGSDAG**
Jakkies se bekendstellingsdag vind plaas op Vrydag, 28 Augustus om 09:30 vir 10:00.
Deel asb. die aangehegte advertensie met familie en vriende.

**GRAAD 3 KOEKIEVERKOPING**
Baie geluk aan die gr 3-klas wat 'n pragtige bedrag van R5372-00 ingesamel het met hulle koekieverkoping. Dankie aan elke ouer wat lekkernye gestuur het.

**CHAMPION OLIMPIADE GRAAD R – 3**
Hiermee herinner ons net vir ouers dat die inskrywings Dinsdag, 11 Augustus sluit.

**LOSLITDAG 2026**

Loslitdag vind plaas op Vrydag, 4 September.
Hierdie jaar se tema is: ***"Beat as one – Rhythm matters".***
♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩ ♭ ♯♫ ♪ ♬ ♩

**Maak jou eie drom:**
Skep 'n drom uit afvalmateriaal. Wees kreatief en gebruik jou verbeelding. Versamel bottels, blikke, vere of krale en maak die "coolste" drom.

**Wys jou ritme:**
Leerders moet asb. die week voor Loslitdag hul dromme by JOS gaan inhandig.
Leerders sal 'n kans kry om hul "solo" dromspel & bewegings / danspassies te wys.
Leerders kan ook 'n groep dromspel doen, waar almal hul ritme wys en saam op een maatslag speel. Die bestes sal dan gekies word om Vrydag in die saal op te tree.

***Daar is lekker pryse wat gewen kan word vir die volgende:***
- Die mooiste drom
- Die beste "solo" dromspel.
- Die beste groep dromspel.
- Die klas wat die meeste plakkers verkoop het.

Dit is 'n lekker projek vir die kinders om oor naweke by die huis te doen.

Kom ons maak musiek, lawaai en vier saam Loslitdag!!

## OUERS

**KLINIEKBESOEK**

Die kliniek besoek die skool op Woensdag, 12 Augustus. Gr 5 seuns en dogters wie se ouers toestemming gegee het, sal die tetanus en difterie inenting ontvang.
Waarom is die intenting belangrik?
- Tetanus (klem-in-die-kaak): Veroorsaak pynlike spierspasmas en kom voor in grond en vuilheid wat 'n wond binnekom.
- Difterie (witseerkeel): 'n Aansteeklike siekte wat die keel laat opswel en asemhaling moeilik maak.

……………………….
T.E. MOSTERT

**GEBEDSLYS:**

Juf Tharina Roelofse (pa in hospital)
Janré du Plessis (oupa in hospitaal)



**LOSLITDAG vind plaas op 4 September 2026.**
**Hierdie jaar se tema is "BEAT AS ONE –**

**Rhythm matters".**
**Plakkers is te koop teen R20 per plakker en is te koop by JOS.**
**Ondersteun asb. vir JOS en koop vandag nog jou plakker!**





LOSLIT DAG 2026
VERSKILLEND MAAR EEN RITME! EEN HARTKLOP! EEN SPAN! EEN WÊRELD!
MUSIEK VERANDER NIE WIE ONS IS NIE... DIT VERENIG ONS!
BEAT AS ONE...
RHYTHM MATTERS
BOU 'N DROM - KLOP AS EEN!
ELKEEN HET 'N PLEK. ELKEEN MAAK MUSIEK!
WANNEER ONS SAAM KLOP, MAAK ONS IETS MOOI!
ALMAL DEELNEEM! ALMAL DRA BY! ALMAL IS BELANGRIK!
AFRIKA DROMME! AFRIKA HARTKLOP! ONS HARTKLOP!
PROJEK: MAAK JOU EIE DROM VIR LOSLIT DAG 2026!
1 KRY JOU MATERIALE
EMMER OF BLIK, TOU, STOP, VERF, KRALIES, PLASTIEK, ENIGE IETS WAT KREATIEF IS!
2 BEDEK DIE DROM
GEBRUIK STOF, PLASTIEK OF PAPIER EN MAAK DIT STEWIG VAS!
3 VERSIER JOU DROM
VERF, TEKEN, PLAK, WEES KREATIEF EN MAAK DIT JOU EIE!
4 VOEG JOU EIE STYL BY
KRALIES, VERE, TOU, LINT, ENIGE IETS WAT JOU RITME WYS!
5 LEER DIE RITME
OEFEN SAAM! KLAP, KLOP, DANS, SING - RITME MAAK SAAK!
6 KLOP AS EEN!
ONS KOM SAAM, ONS KLOP SAAM, ONS IS EEN! BEAT AS ONE!
JOU DROM. JOU RITME. JOU BYDRAE. ONS TOEKOMS!
RITME MAAK SAAK, WANT SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL!
BEAT AS ONE... RHYTHM MATTERS! LOSLIT DAG 2026
RESPEK
AANVAARDING
INSLUITING
VRIENDSKAP
EENHEID
KLOP AS EEN - MAAK DIE WÊRELD MOOIER!

Piet Retief Straat | Posbus 107 | Jacobsdal 8710

KAREEHOF
Koshuis

maats • familie • huis

# KAREEHOF KOSHUIS KUIER

**DATUM:** **27 AUGUSTUS 2026**

**R250 per kind**

* 5 etes
* koshuistoer
* oornagverblyf

**Vir enige navrae, kontak Marleen @0847397797**

## HOEKOM BIED DIE KOSHUIS DIE GELEENTHEID AAN:

Dit is die perfekte blootstelling vir jou kind.

Elke kind beleef 'n onvergeetlike ervaring van die ware weergawe van die koshuislewe.

Meer inligting sal op 'n Whatsappgroep deurgegee word .



OPWAARTS OPWAARTS
JACOBSDAL PRIMÊR SKOOL

# JACOBSDAL PRIMÊR

## Bekendstellingsdag

**Alle ouers en voornemende maats word uitgenooi na ons BEKENDSTELLINGSDAG!**

**DATUM:** 28 AUG

**TYD:** 9:30 VIR 10:00

**PLEK:** SKOOLSAAL

*Hoop om jou daar te sien!*

Droom Glo Lef Leer

Kom ontdek jou toekoms by Jakkies!

# Dancing Owls

**BALLET STUDIO**
bied aan

# Ballet Minimester

**1 uur klas per week vir 4 weke**
**vir Graad 1, 2 en 3's**

## Wat behels dit?

- Ons leer 'n **lekker ballet dansie** wat die basiese ballet bewegings, tegnieke en hoe om korrek te strek insluit.
- Tydens die vierde klas **nooi ons die ouers kom kyk** , en ons maak 'n video vir ouers wat vêr is of nie kan bywoon nie. Daar sal ook 'n **foto hoekie** wees.
- Elke danser kry 'n **medalje en sertifikaat** vir hul deelname nadat hulle die klasse bygewoon het.

## Ballet klere?

Die juffrou **leen** vir elke danser 'n paar ballet skoene om te dra tydens die klasse, en met ons laaste klas bring die juffrou vir elkeen 'n ballet kostuum saam om hulle dansie mee te op te voer **vir die dag**..
**geen ekstra kostes vir ballet klere nie!**

## Datums en kostes?

Donderdae middae na skool:
27 Augustus, en 3, 10 en 17 September
by Jacobsdal Primer
R800 per danser

Whatsapp jou danser se naam, van en graad
om haar plek te verseker.. daar is slegs 10 plekke beskikbaar!

**Annemé 082 665 3064**